Inligtingsblad:

Moederkerk Kinder– en Jeugbediening

Moederkerk is 'n familie-vriendelike gemeente. Ons rus families toe en skep ruimtes waar ouers en kinders mekaar help om te glo. Ons begelei kinders binne hulle verskillende ontwikkelingsfases in geloofsgroei en ontwikkeling.

JUNIORS

VP KIDS
om JESUS te ken en Hom bekend te maak
MOEDERKERK STELLENBOSCH

Kinderbediening

Peuter- (3-4 jaar) en Kleuterkerk (5-6 jaar)

In die Kerkhuis (langs die kerkgebou) is daar elke oggend van die skoolkwartaal 'n Peuter en Kleuterkerk. Peuters vergader in die bovertrek (op met trappe) en die Kleuters in die onderste ruimte. Trudie koördineer die peuters en Martjie die kleuters.

Martjie Malan 0783645932
Martjie11@gmail.com

Trudie Sandrock 0766882593
sandrock.trudie@gmail.com

Let wel dat daar geen Peuter- en Kleuterkerk op langnaweke in die kwartaal is nie. Daar word 'n beroep op alle ouers gedoen om hulle hulp van tyd tot tyd aan te bied om die fasiliteerders by te staan.

Babas (0-2 jaar)

Die babakamer (ou konsistorie aan die agterkant van die kerkgebou) is ingerig as 'n groot babakamer waar ouers saam met hulle babas die diens kan volg op 'n televisieskerm.

Graad 1-6

Die Graad 1-6'e kom Sondae eers kerk toe (09:30) saam met hulle ouers (keuse van Moederkerk- of Hofmeyrsaal-erediens) vir 'n kort Kindertyd waarna hulle begelei word tot by die Kweekskool. Hier ontvang hulle 'n boodskap wat in die eerste kwartaal aansluit by die Sewe weke program en die res van die jaar aansluit by of die Kerklike jaar of deel uitmaak van 'n uitgewerkte kwartaal program. Die kinders verdeel in hulle graadgroepe waar verdere bespreking en of 'n praktiese oefening plaasvind. Ouers en studente tree op as mentors. Na die tyd word die kinders veilig begelei oor die straat Kerkhuis toe waar ouers hullekinders kan kom kry.

Koördineerder:

Jan Coetzer * 071 107 4234 * jancoetzer@moederkerk.co.za

SENIORS Jeug Bediening

MOEDERKERK
KRUISKERK

"UP" (Unplugged) is Moedergemeente se jeugbediening (Gr 7-12). Kleingroepe vind elke Sondagaand plaas vanaf 18:30-19:00 waarna daar 'n Jeugdiens is (19:00-20:00) met lewendige lofprysing en 'n relevante Bybelse boodskap. Ons Jeugleraar Angelique Havenga is verantwoordelik vir hierdie bediening.

Belydenisgroep (Graad 11)

Die belydenisklas vergader elke Sondagaand 18:00-19:00 in die Foyer van die Hofmeyrsaal. Jan van Zyl, ons Familie dominee, neem verantwoordelikheid vir hierdie groep saam met Marnus Havenga, 'n teoloog besig met na-graadse studies by die Kweekskool.

Daar is drie geleenthede vir die Graad 12's wat verlede jaar in die Belydenisgroep was om belydenis af te lê: 10 Februarie, 9 Junie en 28 Julie. Jy moet 3 wekevoor die tyd 'n afspraak maak by die kerkkantoor vir 'n persoonlike gesprek met Ds Jan van Zyl en Marnus. Hiermee saam moet jy 'n brief inhandig waarin jysê hoekom jy Belydenis van geloof wil aflê en iets sê oor jou persoonlike geloofsreis. Jou ouers handig ook 'n kort briefie in oor jou geloofsreis. Kontak Jan vir navrae by jan@moederkerk.co.za.



***Midweek Madness*/Koffiefroeg**

Woensdagaande 18:30-20:00 in die Hofmeyrsaal. Dit dien ook as ons interkerklike platvorm deur die kwartaal.

1-2 Groepe

Gespreksgroepe vind in die week plaas waar 'n studentementor saam met 2 tieners koffie drink binne 'n veilige vertrouensverhouding.

Jeugleraar:

Angelique Havenga * 071 089 6769 * angelique@moederkerk.co.za